

# CV

## PIETER J MATHEWS

Pieter J Mathews was gebore op die 24ste Februarie 1967 te Lichtenburg, Noord- Wes Provinsie, Suid-Afrika. Hy voltooi sy skoolloopbaan aan die Hoërskool Lichtenburg in 1985 as Hoofseun van die skool. Mathews verwerf sy graad in Argitektuur (B. Arch) aan die Universiteit van Pretoria, waar hy die gesogte Gold Fields van Suid-Afrika Beurs vir Argitektuur ontvang. Na voltooiing van sekere aspekte van sy praktiese opleiding in London, onderneem hy 'n omvattende reis dwarsoor die wêreld.

Hy was President van die Prertoria Instituut vir Argitektuur gedurende 2013 en 2014, Raadslid van die Suid Afrikaanse Instituut van Argitekthe in 2013 en stigter en sameroeper van die Cool Capital inisiatief in 2014, gevolg deur 'n tweede suksesvolle Biennale in 2016. In 2014 word hy verkies tot lid van die Suid Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en kuns.

Hy is die outeur van twee suksesvolle boeke Architecture 2003 en Detail Housed 2007. Verder is hy Redakteur van die PIA boek, Contemporary Capital, en besturende uitgewer vir Construction Primer deur prof Hans Wegelin. Hy dien ook op De Kat se redaksie as argitektuur redakteur 2012/2013. Daar is al meer as 30 TV onderhoude met Pieter gevoer. In 2015 tree hy op as mede redakteur vir Cool Capital se amptelike katalogus en ook as uitvoerende vervaardiger van die dokumentêre "Dorpstad". Die film het al die Cool Capital uitkomstige gedokumenteer. Dorpstad word in 2016 aangewys as een van die drie finaliste in die dokumentêre afdeling by die Silwerskerm Filmfees en word ook gekies vir die *Hilversum-* en *Amsterdam –liftoff online* filmfeeste.

In 2014 word Mathews en genote aangestel onder sy leiding as kurator vir die Tshwane snelbusdiens publieke kuns projek. Ander kreatiewe belangstellings sluit in meubel -en produk ontwerp asook beeldhou. Hy ontvang uitnodigings en opdragte vir onder andere meubels vir die gesaghebbende Southern Guild stigting, produk ontwerp vir House and Leisure- Absolut Vodka, Uitstallings ontwerp vir Visi. Sy onlangse Afrika Zen stoel is by Universiteit van JHB in 2014 ten toon gestel as deel van 'n groep uitstalling.

Beeldhou is sy ander stokperdjie en hy voltooi twee kursusse by die Fried Contemporary in 2010 gevolg deur 'n uitstalling by die Pretoria Kunsvereniging met die titel "Form ,scrap and order"

Hy ontvang die PIA presidents toekenning in 2005 en 2014 vir sy boek Architecture en die Cool Capital inisiatief onderskeidelik. In 2015 word die suksesvolle uitvoering van bg. projek beloon met 'n gesamentlike PIA Presidents toekenning vir die uitvoering van die Biennale. Die Universiteit van Pretoria Boukunde ken aan hom die Zero Hour erkenning (edisie 3) toe in 2012. Hy is stigterslid van onder meer MG Design Box (Interieur Winkels groep), Visual Books ( uitgewer van Argitektuur boeke) en Cool Capital (Die Wereld se eerste kuratorlose Doen Dit Self Guerilla Biennale) .

In 2013 word hy uitgenooi as gas van die Andrew W Mellon stigting om deel te wees van 'n UP studie groep wat verskeie museums en kunsgallerye rondom New York besoek het. Museums en gallerye sluit o.a. in Yale, Princeton, Rutgers, Penn, NYU en Johns Hopkins. Hierdie toer onderneem hy as voorbereiding om op te tree as ontwerpleier van die nuwe **Javett: UP Arts centre** gallery en museum vir die Universiteit van Pretoria.

In 2016 word Pieter aangestel as kurator vir die amptelike Suid Afrikaanse pawiljoen by die Venesiese Argitektuur Biennale. Die **La Biennale di Venezia** word beskou as die mees gesogte platvorm vir Argitektuur in die Wêreld. Die tema vir 2016 was "Reporting from the front" met die doel dat Argitekthe moes wys watter verskil hulle gemaak het. Dit was dus meer uitkomsgerig as teoreties .

Die Cool Capital projek is gunstig ontvang deur die internasionale media o.a Wallpaper en Venice Insider. Dit is ook die eerste keer dat SA opgeneem is in die amptelike katalogus. Hier het Pieter die geleentheid gehad om van die Wêreld se mees bekendste en bekroonde argitekthe te kon ontmoet, onder meer Rem Koolhaas en Alejandro Aravena.

Sy passie vir kuns kon hy uitleef in die 2016 Saadjie projek wat daarop gemik is om beeldhoukuns uit die tradisionele kuns ruimte na die publiek te neem. Hy tree as sameroeper op vir die projek en word ondersteun deur die Dept van Kuns en Kultuur, BASA en Strauss & co  
Die uitstallings sluit in 2016, UP Anton van Wouw Museum, Aardklop 2016, Richmond boekefees, Botaniese tuine Univesristeit van Stellenbosch 2017 asook Durbanville Hills gallery.

Sy passie vir bewaring lei daartoe dat die Nederlandse Ambassade Mathews & genote in 2014 aangestel het om die Nederlandse voetspoor in Pretoria te dokumenteer met 'n interaktiewe webwerf. [www.Dutchfootsteps.co.za](http://www.Dutchfootsteps.co.za)

Mathews en Genote Argitekthe ontvang verskeie toekennings vir hulle werk en is wyd plaaslik sowel as internasionaal gepubliseer. Internasionale Biennales waar hul werk vertoon was, sluit in 2005 Sao Paulo Brasilië as deel van Sharp City, 2005 Miami VSA en die Venesiese biennale in 2012 en CoolCapital in 2016

As publieke spreker word hy uitgenooi as een van die TEDxPretoria 2016 sprekers. Die tema van sy praatjie het handel oor die demokratisering van kreatiwiteit en is eersdaags op die TED platform beskikbaar.

Volledige biografie beskikbaar op [www.artefacts.co.za](http://www.artefacts.co.za) , Wikipedia en [www.maaa.co.za](http://www.maaa.co.za)

Opgedateer Nov 16